*Downloaded from Stanmorephysics.com*

READ!   Answer Questions

**Jakkals nooi Ooievaar vir ete**

Jakkals en Boer was nie goeie vriende nie, want Jakkals was altyd besig om kwaad te doen. As hy die dag regtig vol **streke** was, het hy by Boer se huis ingeglip en van die biltong en melktert gesteel wat boer se vrou gemaak het.

Op ’n mooi lente-oggend sien Jakkals hoe Boer en sy vrou die wa inspan om dorp toe te gaan. “Nou is my kans!” giggel Jakkals. “Vandag eet ek my **knuppeldik** aan daardie parmantige haan wat my elke oggend wakker kraai. En sommer daardie vet wit hen en haar nuwe kuikens ook.” sê hy terwyl hy sy lippe aflek.

Boer en sy vrou het skaars om die draai verdwyn of Jakkals kruip uit sy skuilplek. “Dalk moet ek eers by die kombuis gaan inloer,” se hy. “Ek kan altyd vannag weer terugkom hoenderhok toe, maar dis nie altyd so maklik om by die huis in te glip nie.”

En so waar as vet. Daar staan die kombuisvenster **op ’n skrefie** oop. Jakkals maak dit versigtig oop en klouter in. Hy val sommer weg aan die biltong en koeksisters en sappige pasteie. Toe hy dors raak, maak hy ’n bottel gemmerbier oop en drink die hele bottel leeg tot net die rosyntjies op die bodem oorbly.

Net toe Jakkals nog ’n koeksister wil hap, hoor hy iemand by die voordeur. Dis Boer wat sy beursie vergeet het en al die pad moes terugry om dit te kom haal.

Jakkals gryp ’n string boerewors, ’n pak spek en ’n ronde kaas voordat hy deur die venster spring.
By die huis besluit Jakkals om ’n pot sop te kook en sy buurvrou, **Ooievaar,** te nooi vir aandete. Hy hou nie juis van haar nie, maar nadat sy hom die vorige keer genooi het, sal hy haar seker móét nooi.

Jakkals wens dat hy liewer die hele pot sop vir himself kon hê, maar hy stap tog na Ooievaar toe en nooi haar om die aand by hom te kom eet.

“Ag, maar dis dierbaar van jou,” giggle Ooievaar en fladder haar ooglede.  “Ek kom alte graag.”

Daardie aand bring Ooievaar ‘n bossie blomme en twee kerse en help Jakkals om die tafel te dek.  Maar Jakkals is so  **ongeskik** dat Ooievaar nie haar oë kan glo nie.  Al waaran hy kan dink, is die pot sop wat hy nie met haar wild eel nie.

“ek wens die koddige ding wil liewer huis toe gaan,” brom hy.  “Miskien kry sy ‘n vreeslike kopseer of maagpyn of iets ! “  Maar niks gebeur nie.

Toe dit **opskeptyd** word, maak jackals ‘n nare plan.  Hy haal sy platste borde uit die kas en skep die sop daarin.

Terwyl Jakkals **smul** dat die sop spat, **sukkel** Ooievaar haar morsdood. Al probeer sy

Downloaded from Stanmorephysics.com
hoe hard, kry sy net die punt vab haar snawel in die bord gesteek. Sy kry nie ‘n mondjie sop opgeslurp nie.

Jakkals giggle in sy mou. Maar omdat Ooievaar ‘n ware dame is, maak sy asof daar niks fout is nie en bedank Jakkals vir die heerlike maaltyd.

“jy het vanaand soveel moeite gedoen date k jou graag moreaand ‘n bietjie wil bederf,” sê Ooievaar met ‘n soet glimlaggie.

Jakkals kan sy geluk nie glo nie. Eers het hy sy hele pot sop vir himself en nou wil die dom ooievaar hom nog vir ete ook nooi! En sy is juis so ‘n goeie kok.

Toe Jakkals die volgende aand aan Ooievaar se deur klop, kom die heerlikste **geure** deur die oop venster aangesweef. Dit ruik na skaapboud en gebraaide aartappels, geelrys en soetpatats, waterblommetjiebredie, souskluitjies en vla. Jakkals trippel eintlik rond van lekkerkry.

“Kom gerus in,” nooi Ooievaar vriendelik. “Ek skep net gou op.” Jakkals gaan sit solank aan tafel. Hy het heeldag niks geëet nie omdat hy hom vanaand by Ooievaar knuppeldik wil eet.

“So ja,” sê Ooievaar en sit twee lang, small flesse op die tafel neer. Een vir haar en een vir Jakkals.

“Eet gerus,” sê sy liefies. “Sulke lekker kos mag nie koud word nie.”

Toe val sy weg en smul heel eerste aan die waterblommetjies.

Jakkals probeer eers om sy tong in die fles te kry, toe sy snoet en later sy pote. Toe hy dit nie regkry nie, dop hy die fles om en daar val alles KAPLAKS ! op sy gesig. Jakkals gluur na Ooievaar. Toe storm hy by die huis uit sonder ‘n krieseltjie kos in sy maag, maar met geelrys in sy ooghare en soetpatat aan sy snorbaard.

Daardie dag het Jakkals sy les geleer en nooit oot weer so ‘n nare poets op enigiemand gebak nie. En vir die res van sy lewe was hy spyt oor daardie souskluitjies met die heerlike kaneelsuiker waarby hy nooit uitgekom het nie.
*Behandel ander soos wat jy graag behandel wil word.*

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| **geure** | aromas |
| **knuppeldik** | quite satisfied |
| **ongeskik** | rude |
| **ooievaar** | stork |
| **op ‘n skrefie** | slightly open |
| **opskeptyd** | time to dish up |
| **smul** | feast on |
| **snawel** | bill, beak |
| **streke** | tricks |
| **sukkel** | struggle |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Vrae**

1 Sê watter sinne waar is. Verander die onwaar-sinne om hulle ook waar te maak.
- a Jakkals en boer is nie goeie vriende nie, want Jakkals steel altyd kos by Boer se huis.
- b Toe Boer en sy vrou eendag dorp toe gaan, eet Jakkals 'n haan, 'n hen en hulle kuikens by die hoenderhokke.
- c Jakkals nooi sy buurvrou, Ooievaar, vir middagete.
- d Ooievaar nooi vir Jakkals die volgende dag terug.

2 Kies die regte antwoord
- a Wanneer (Jakkals / Ooievaar) die sop in 'n plat bord bedien, kan (Jakkals / Ooievaar) dit nie eet nie.
- b Wanneer (Jakkals / Ooievaar) die gekookte kos in 'n lang, small fles bedien, kan (Jakkals / Ooievaar) dit nie eet nie.
- c Wie leer vir wie 'n les aan die einde van die volksverhaal? (Jakkals / Ooievaar) leer vir (Jakkals / Ooievaar) 'n les.
- d Wat is die les wat uit die verhaal geleer word?
  (As jy iemand anders kul, kan jy hulle beslis later daarvoor probeer terugkry. / As jy iemand anders kul, kan hulle jou beslis later daarvoor probeer terugkry.)

---

READ! Answer Questions

**Gedig**

**Rooibostee**

Rooibostee is Suid-Afrika se eie
Gebruik tiemie saam met hoenderdye
Vinkel opgekook keer die hoes –
Saam met heuning sal jy
ophou proes .
Roosmaryn smaak heerlik
saam met lamsboud
En kruisement proe goed

Het jy al aan laventel geruik?
Het jy al basiliekruid in sop
gebruik?
Kruie is lekker in baie kosse
en dit werk soos medisyne.
Kruie groei in berge en bosse,
Maar in my tuin plant ek self myne.

2.1 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte letter van jou keuse neer.

2.1.1 Uit hoeveel **strofes** bestaan die gedig?

Downloaded from Stanmorephysics.com

A twee C nege
B sestien D een

2.1.2 Wat beteken dit dat rooibostee "eie" in Suid Afrika Is?
A Dit is net in SA goedkoop C Dit word net in SA verkoop
B Dit word net in SA gekweek D Dit is net in SA duur

2.1.3 Watter krui smaak die lekkerste met nagereg soos roomys?
A vinkel C kruisement
B tiemie D roosmaryn 3

2.2 Skryf **EENVERSREëL** uit strofe 2 wat vir ons sê dat kruie suksesvol in verskillende disse gebruik kan word. 1

2.3 Noem **TWEE** goed waarvoor kruie gebruik kan word. 2

2.4 Skryf twee woord uit strofe 1 neer wat 'n voorbeeld van **paarrym** is. 1

2.5 Skryf twee woord uit strofe 1 neer wat 'n voorbeeld van **kruisrym** is. 1

2.6 In watter **twee** plekke kan 'n mens kruie sien groei? 2

---

READ! Answer Questions

**Gedig**

**Werkende Vrou**

ek het die son gegroet,
my huis, my man,
die lug se voëls;
my kind getroos:
toe maar Mammies al nou-
nou weer kom;

met my koplamp
en 'n toebroodjieblik
vir 'n dagskof afgedaal
in die skag

en toe ek na halfvyf
weer uit die hysbak klim
was my kind al groot,
my man was grys
en die swaels het reeds
vertrek met die jaar se
somervlug

3.1 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte letter van jou keuse neer.

3.1.1 In die laaste versreël "v**e**rtr**e**k m**e**t die jaar s**e** / som**e**rvlug" is daar 'n voorbeeld van …
A alliterasie C assopnansie

Downloaded from Stanmorephysics.com

B simile D metafoor

3.1.2 Drie van die antwoorde voltooi die volgende vraag korrek. Tot hoe laat werk die vrou elke dag.

Watter antwoord is **nie korrek nie**.

A 16:30 C halfvyf
B 17:30 D 4.30nm. 2

3.2 Hoe wee tons dat dit vroeg in die dag is wat die werkende vrou haar huis verlaat? Haal **een versreël** uit strofe 1 aan. 1
3.3 Noem **drie** dinge wat die vrou groet voordat sy werk toe gaan. 3
3.4 Haal **twee afsonderlike woorde** in dtrofe 2 aan wat na 'n mynwerker se wêreld verwys 2
3.5 Skryf die ma se trooswoorde aan haar kind neer. 1
3.6 Watter woorde word in die eerste en laaste strofe herhaal? 1

---

READ! Answer Questions

***Storie:*** **Million Skrik Groot**

As daar nou ooit 'n man was wat sy **geheue** heeltemal weggeskrik het, was dit Million Mabunda, 'n werker in die Nasionale Krugerwildtuin. Ná daardie dag in die bos wou hy nooit weer 'n olifant sien nie.

Million is vroeg een oggend saam met 'n **span werkers** op hul fietse weg om 'n pad te gaan regmaak. Maar as hy geweet het wat later die dag op hom gewag het, het hy by die huis gebly!

Senior **veldwagter** Kobus Krüger het die saak ondersoek. Toe hy die **spore** in die grondpad sien, het hy besef Million was baie gelukkig om ná die **aanval** nog te lewe.

Volgens die veldwagter was die groepie werkers laat die middag op hulle fietse op pad huis toe. Million het om die een of ander rede agter geraak. **Toe hy sy oë uitvee**, was hy skielik in die middel van 'n **teeltrop** olifante – 'n lewensgevaarlike situasie!

Million het hom koud geskrik: hy was tussen 'n olifantkoei en haar kalf wat **weerskante** van die pad gewei het.

Toe die olifantkoei hom sien, het sy dadelik haar kalf probeer **beskerm** en reg op die arme Million afgestorm.

Voordat Million kon **roer**, het sy hom met haar slurpvan sy fiets afgeslaan. Hy het 'n goeie ses meter verder op die grond geval.

Gelukkig het die olifantkoei haar **woede** op die fiets uitgehaal en al in die rondte daarop gedans!

Downloaded from Stanmorephysics.com

Terwyl die koei die fiets vertrap het, het Million eers hande-viervoet gekruip, daarna opgespring en verskrik na sy blyplek genael.

Die mense op die dorpie wou dadelik van die **verskrikte** man wee twat gebeur het. Hy het histeries van skrik en met groot oë vertel dat ‘n **warrelwind** hom van sy fiets afgewaai het.

“Maar daar het glad nie’n wind gewaai nie! “ het die mense geantwoord.

“Dan was dit die werk van twee renosters,” het Million gesê.

Toe die mans vir hom sê dat daar nie renosters in die omgewing is nie, het hy besluit dat ‘n leeu hom so laat skrik het.

“As ‘n leeu jou beetgehad het, sou jy baie slegter gelyk het! “ het hulle geantwoord.

“Dan was dit die buffels,” het hy vir oulaas probeer.

Die mense het toe besef dat Million baie geskok was. Hulle het hom in die bed gesit waar hy bly lê het totdat hy van die skok **herstel** het.

“Toe ek kort daarna van Million se groot skrik gehoor het,” vertel Kobus, “het ek gaan kyk wat gebeur het. Die spore het die hele storie vertel. Ek kon duidelik sien waar die olifantkoei begin storm het, waar sy hom van die fiets afgeslaan het, waar sy die fiets stukkend getrap het en waar Million geval het.

“Nada thy geland het, het Million ‘n paar meter ver hande-viervoet gekruip voordat hy skielik so vinnig weggespring het dat sy voete **gate** in die harde grond agtergelaat het! As jy nie geweet het dit was ‘n mens nie, sou jy kin sweer dit was ‘n koedoebul wat skielik ‘n leeu gesien het.”

**Toe Million weer by sy sinne kom**, het hy dadelik **uit sy werk bedank**. Hy wou nooit weer ‘n olifant sien nie – ook nie eers ‘n foto van een nie!

**Woordeskat**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **geheue** | memory | **spanwerkers** | workteam |
| **veldwagter** | game ranger | **spore** | tracks |
| **aanval** | attack | | |
| **Toe hy sy oë uitvee** | Before he realized | **teeltrop** | a herd with its young |
| **weerskante** | both sides | **beskerm** | protect |
| **roer** | move | **woede** | anger |
| **verskrikte** | scared | **warrelwind** | whirlwind |
| **herstel** | recovered | **gate** | holes |
| **Toe Million weer by sy sinne kom** | When Million regained his senses | | |
| **uit sy werk bedank** | resigned from his job | | |

**Vrae**

1 In watter wildtuin het Million gewerk?

Downloaded from Stanmorephysics.com

2 Kies die **korrekte antwoord**
Toe Million weer sy oë uitvee, is hy
A tussen 'n olifantbul en 'n olifantkoei
B tussen 'n olifantkoei en haar kalfie
C in die middle van 'n trop buffels.

3 Waarom het die olifantkoei op Million afgestorm?

4 Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**? Sê hoekom
A Die dag toe Million so groot vir die olifant geskrik het, het hy 'n pad gaan regmaak.
B Million kyk elke dag na die foto's van die olifante in sy kamer.

5 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit paragraaf 3 aan wat sê dat Kobus Krüger 'n belangrike pos het en met wilde diere werk.

6 Haal **een woord** uit paragraaf 4 aan waaruit 'n mens kan agterkom dat die klomp olifante kalfies by hulle hehad het.

7 Ses van die volgende antwoorde is **korrek**. Watter een is **nie korrek nie** ? Die veldwagter, Kobus Krüger, kan die volgende dinge wat die hele storie vertel, in die spore sien:
A waar die olifantkoei begin storm het.
B waar die olifantkoei Million van die fiets afgeslaan het.
C waar die olifantkoei die fiets stukkend getrap het
D waar Million geval het.
E waar Million bly lê het totdat hy van die skok herstel het.
F hoe Million 'n paar meter ver hande-viervoet gekruip het.
G hoe Million skielik vinnig weggespring het en sy voete gate in die harde grond gemaak het.

8 Toe die mense vir Million vra wat gebeur het, kon hy niks onthou nie. Watter dinge wat hy gesê het, het die mense laat besef dat hy baie geskok was?

9 Wat beteken die volgende sinsdeel in die laaste paragraaf? Verduidelik in jou eie woorde. "Toe Million weer by sy sinne kom" ?

10 Hoe was Million ná die incident anders as voor die incident?

11 Wat, dink jy, sal gebeur indien Milluion weer 'n olifant sien?

---

READ! Answer Questions

**Volksverhaal** **Die blou Roos**

Lank gelede was daar 'n keiser in China wat 'n pragtige dogter gehad het. Die keiser wou graag hê sy dogter, die prinses, moes met die regte man trou.

Die keiser se: 'Die man wat vir my dogter 'n blou roos gee, kan met haar trou."

Die eerste man, 'n winkelier, dink aan 'n plan. Hy vat 'n wit roos en kleur dit blou.
Hy gee die blou roos vir die prinses.

Sy sê: "Jammer, maar dit is nie 'n blou roos nie. Hierdie roos was eers wit." Die arme winkelier draai om en stap teleurgesteld weg.
Die tweede man, 'n juwelier, maak 'n roos van blou saffiere en gee dit vir die prinses. Sy sê: "Dit is baie mooi! Maar ek het baie saffiere, en baie juwele. Ek wil 'n blou roos hê." Die juwelier draai om en stap weg.

Downloaded from Stanmorephysics.com
Die derde man is 'n musikant wat fluit speel en liedjies sing. Die prinses stap na hom en luister na sy musiek. Hy sê: "More kom ek jou pa vra of ek met jou kan trou. Ek bring vir jou 'n blou roos."

Die volgende oggend gee die musikant vir die prinses 'n pragtige wit roos en se: "Hier is vir jou 'n blou roos."

Die keiser kyk na sy dogter: "Die musikant se hy het vir jou 'n blou roos gebring. Is dit reg?"

Die prinses vat die roos en sê bly: "Ja! Dit is 'n pragtige blou roos!"

Die keiser sê: "Dis dan 'n gewone wit roos!"

Die prinses antwoord: "Natuurlik is die roos blou. Is Pappa dan **kleurblind (colourblind)?**
Pappa, ek wil met die musikant trou!"

Die prinses en die musikant het getrou en vir ewig gelukkig gebly.

1.1 die korrekte antwoord en skryf slegs die **letter** van jou keuse langs die vraagnommer

1.1.1 Hierdie volksverhaal speel ………. af
- A in ‘n paleis in China
- B op ‘n plaas in China
- C. in ‘n paleis in Japan

1.1.2 In hierdie verhaal kom ‘n ………. voor.
- A tweedepersoonverteller
- B ek-verteller
- C ‘n derdepersoonverteller

1.1.3 Die eerste man wat met die prinses wou trou was ‘n ……….
- A musikant
- B juwelier
- C winkelier

1.1.4 Die tweede man wat met die prinses wou trou was ‘n ……….
- A musikant
- B juwelier
- C winkelier

1.1.5 Die prinses het eindelik die ………. as haar bruidegom gekies.
- A musikant
- B juwelier 5
- C winkelier

1.2 Watter **EEN WOORD** uit reël 5 sê dat die prinses en die musikant vir altyd gelukkig was? 1

1.3 Waarom wou die prinses nie die roos van blou saffiere hê nie ? 1

1.4 Wat is die tema of hoofgedagte van die verhaal? 1

1.5.1 Is die volgende stelling waar of onwaar ?
**Die keiser het besluit dat die prinses met die musikant moes trou.**

1.5.2 Motiveer jou antwoord deur om **een sin** uit die uitreksel aan te haal. 2

Downloaded from Stanmorephysics.com
READ! Answer Questions

**Storie** **Valentynsdag**

"Alles loop verkeerd. Ek's die heeldag lank soos 'n magneet vir goeters waarmee ek my **naam krater maak.** Hierdie puisie op my neus lyk sleg en ek het die ergste bad hair day van die dekade. Hoekom vandag?"

My sug klink soos 'n ballon wat afblaas. "En waar is Jean? Vir hom is ek net sy beste pel se jongste sussie, niks meer nie."

Nicola kan nie 'n woord inkry nie. Sy hou haar hande in die lug dat ek moet stilbly, maar ek is nog nie klaar nie.

"Toe ek vanoggend my skoolskoene wou aantrek, is hulle vuil. Die melk wat ek oor my Oatees gegooi het, was suur. Dis seker oor my ma en pa al wéér voor ontbyt vir mekaar begin grom het. Vandag is nie my dag nie," kla ek.

Nicola bars uit van die lag. "Michelle! Als is fine. Kyk om jou rond. Die skoolgebou staan nog en die bome het nog nie in die aarde weggesink nie. Niks is die einde van die wêreld nie. Ek dink **die oomblik is net te groot.** Jy's nie seker of Jean van jou hou nie, maar ék is seker. Ek't jou al gesê: 'n mens kan dit sien aan die manier waar op hy na jou kyk."

"Ja, maar... Wat bedoel jy 'die oomblik is te groot'?"

**"**Kyk, tot verlede jaar het ons mos Valentynskaartjies gemaak vir al die ouens en meisies in die klas en dit sommer in die boks voor in die klas gepos. Maar vanjaar is die eerste jaar dat dit vir jou belangrik is om daai één spesiale Valentynskaartjie te kry. Vra my – laas jaar was dit met my ook so."

Sy staar ingedagte voor haar uit met 'n simpel glimlaggie. "Dis hoekom ek sê: jy verbeel jou dat die dag 'n **ramp** is - die oomblik is net te groot. Dis nou eers eerste pouse. Daar's nog baie tyd oor vir Jean om sy **ewige liefde** aan jou te verklaar. As jy my vra, het hy spesiaal vir Valentynsdag gewag. Dink positief!" sê sy selfversekerd.

"Ja, maar ... Ag, miskien is jy reg," sê ek en trek nog twee slierte hare langs my slape uit.

Voor ek verder kan kla, lui die klok en ons stap rye toe. Dis nou **lewenswetenskappe** by Vlekkie. Dis juis in Vlekkie se klas dat ek in Jean se bank sit. Hy los altyd vir my 'n briefie daar ...

Die afgelope drie weke skryf ons gereeld briefies vir mekaar en los dit onder die bank, maar ek was so seker hy gaan vandag, op Valentynsdag, 'n move maak.

Ek lig die **bank se deksel** op en ... Ag, dankie tog! Die briefie is daar. Met 'n piepklein tjoklit-hartjie in goue papier toegedraai binne-in.

Ek vou die papiertjie verder oop en lees.

*Gelukkige Valentynsdag! Kon jou nie pouse kom soek nie; ons moes banke dra. Sien jou vanaand. Wil jou iets vra ... J*

Downloaded from Stanmorephysics.com
Miskien gaan die dag tog nie so sleg uitdraai nie... Die liefde is ’n wonderlike ding.

Die res van die dag sien ek flitsende hartjies en kruisies as ek my oë toemaak. My hart klop marshmallows. Vanaand! Vanaand is die aand!

Toe ek by die huis instap, snuif ek die lug. Boontjiesop! Ma kan mos nie op Valentynsdag vir ons **boontjiesop** kook nie. Dis so onromanties! Ek stap kombuis toe.

In die kombuis hoor ek Pa praat. Dit is snaaks dat hy vir middagete by die huis is.

Ek dog eers hy praat met Ma, maar ek het haar sien wasgoed ophang toe ek by die voorhekkie inkom.

Toe hy sy kop effens skuins draai, sien ek die selfoon teen sy oor. Besigheid, selfs oor middagete!

Dan hoor ek wat hy sê.

“... my skat. Ek weet. Ek wéét...”

Nou weet ek hy praat nié met Ma nie, want hy noem haar nooit ooit meer “my skat” nie. Ek staan stil en luister.

Hy vee oor sy hare en sug. “Nee, maar ek belowe om vanaand met haar te praat. Ek gaan hulle los.”

Vanaand? Wie los? Skielik kliek ek ...

“Nee! Moenie!” gil ek voor ek myself kan keer.

Hy swaai om. Ek kan die vrouestem nog hoor praat.

Ek wag dat hy moet sê ek verstaan verkeerd, maar hy sê niks. Hy staan net daar met sy oë vol trane.

Die stem oor die selfoon roep sy naam. “Ek ... ek bel jou terug,” sê hy en druk die foon dood.

My hele wêreld **vries.** “Pappa, jy sal ons mos nie los nie?”

“Ek’s verskriklik jammer, Michellie,” antwoord hy skaars hoorbaar.

Die kombuis begin kantel. Die pakkie Fritos wat ek op pad huis toe geëet het, stoot stadig in my keel op.

Skielik lui die telefoon op die kombuiskas. Pa huiwer ’n paar sekondes en tel toe tog die **gehoorbuis** stadig op.

“Dis vir jou. Jean

**Woordeskat**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **bank se deksel** | lid of desk | **lewenswetenskappe** | life sciences |
| **boontjiesop** | bean soup | | |
| **naam krater maak** | | drag your name through dirt | |
| **die oomblik is net te groot** | | the moment is just too big | |
| **ramp** | disaster | **ewige liefde** | eternal love |
| **vries** | freeze | **gehoorbuis** | receive |

**Vrae**

Downloaded from Stanmorephysics.com

1 Kyk na die **titel** van die verhaal. Sê op watter dag van die jaar Valentynsdag gehou word en wat gewoonlik op dié dag gebeur?

2 a Wat is die naam van die ek-verteller?
b Wie is Nicola?
c Wie is Jean?

3 Kies een wat nie pas nie.
Michelle dink alles loop dié dag verkeerd, soos :
a haar hare lyk sleg.
b sy het ‘n puisie
c Jean is nêrens te sien nie.
d haar skoolskoene is vuil.
e sy het vóór eerste pouse ‘n Valentynskaartjie van Jean gekry.
f die melk oor haar ontbytkos was suur.
g voor ontbyt begin haar ma en pa al vassit.

4 Daar is verskeie slengwoorde wat by tienertaal pas. Pas die korrekte Afrikaanse woorde of frases in kolom B by die slengwoorde in kolom A

| | **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|---|
| a | bad hair day | Sjokolade |
| b | Fine | ‘n skuif maak / tot aksie oorgaan |
| c | ‘n move maak | skielik weet / verstaan sy |
| d | tjoklit | jou hare lyk dié dag sleg |
| e | marshmallows | goed |
| f | Skielik | Malvalekkers |

1 Hoekom is hierdie Valentynsdag volgens Nicola vir Michelle belangriker as die vorige Valentynsdae?

2 a Wat los Michelle en Jean vir mekaar in die lewenswetenskappeklas?
b Waar los hulle dit presies?
c Hoe lank hou dit al aan?

7 Wat is onromantiese kos wat Michelle se ma op Valentynsdag vir hulle gesin maak?

8 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat Michelle se pa vir iemand oor die selfoon sê wat Michelle laat besef dat haar pa nie met haar ma praat nie.

9 Hoekom sê Michelle e pa : “Ek’s verskriklik jammer, Michellie.”

10 Aan die einde is daar ‘n oproep vir Michelle van Jean. Wat, dink jy, gaan hy vir haar sê en wat gaan sy hom antwoord?

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Read & Fill in the Prepositions in the blanks**

## VOORSETSELS

| AAN | Aantekeninge (notes) |
|---|---|
| 1. Ek dink ………… hom. | |
| 2. Ek is dankbaar ………. hom. | |
| 3. Die seun neem deel ………. sokker. | |
| 4. Die meisie is verslaaf ………. dwelms. | |
| 5.Ons skryf 'n brief ………. die pers. | |
| 6.Iemand klop ………. die deur. | |
| 7.Ons glo ………. God. | |
| 8.My broer is verloof …….. my maat se suster. | |
| 9.Die huis was ………… brand. | |
| 10.Baie mense ly ………. die virus. | |
| 11.Ons het ………. tafel gesit en eet. | |
| AGTER | |
| 1.Die dief is ………. tralies. | |
| 2.'n Meisie sit ……… my in die klas. | |
| BO | |
| 1.Die besoeker verkies koffie ………. tee. | |
| BY | |
| 1.Ons kuier ……… my ouma se huis. | |
| 2.Ons het …….. die huis gebly. | |
| IN | |
| 1.Hy stel belang ………. sport. | |
| 2.Hy is geïnteresseerd ………. sport. | |
| 3.Ons woon …………die stad. | |
| MET | |
| 1.Die gesin gaan ………. vakansie. | |
| 2. My broer trou …….. my maat se suster. | |
| 3.Hy wens my geluk ………. my sukses. | |
| 4.Ma was teleurgesteld ………. my gedrag. | |
| 5.Gooi om ………. die klip. | |
| NA | |
| 1.Hy aard ………. sy pa. | |
| 2.Hy verlang ………. sy ouers. | |
| 3.Die vrou soek ……….. haar sleutels. | |
| 4……….. skool gaan hy na sy ouma. | |
| 5.Ons luister ……….goeie musiek. | |
| OM | |
| 1.Die drenkeling het ….. hulp geskree. | |
| 2.Skool begin presies ………. agtuur. | |
| 3.Die winkel is ……. die hoek van die straat. | |
| 4. Sy doen aansoek ………. die vakante | |
| betrekking. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| ONDER | |
| 1.Die rondloper slaap ………. die brug. | |
| 2.Die man is ………. verdenking vir die moord. | |
| 3.Die motoris het ………. die invloed van alkohol gery. | |
| OOR | |
| 1.Leerlinge kla ………. baie tuiswerk. | |
| 2.Die seun is skaam …….. sy gedrag. | |
| 3.Ouers is bekommerd ………. Hul kinders se vordering in skool. | |
| 4. Ons loop ………. die brug. | |
| 5.Sy het …….. dwelms gepraat. | |
| OP | |
| 1.My ouers is trots ……… my sukses. | |
| 2.My maat was jaloers ………. my sukses. | |
| 3.Hy is verlief ………. my maat se suster. | |
| 4.Die polisie het die inbreker ………. heterdaad betrap. | |
| 5. Ons is ………. pad skool toe. | |
| 6. Die leerlinge is nou ………. skool. | |
| 7.Hulle het die werk ……… hulle gemak gedoen. | |
| 8.Hulle woon ………. 'n dorp. | |

| | |
|---|---|
| PER | |
| 1.Ons het ……….. motor/bus/trein/skip/ | |
| vliegtuig na ons bestemming gereis. | |
| 2. Sy het die koppie ………. Ongeluk gebreek. | |
| | |
| TE | |
| 1.Ek gaan ………. voet skool toe. | |
| 2.Die boer ry ……….. perd op sy plaas rond. | |
| | |
| TEEN | |
| 1.'n Prent hang ……….die muur. | |
| 2.Ek eet die kos ………. my sin. | |
| 3.Die motoris ry ………. 'n hoë snelheid. | |
| | |
| TEN | |
| 1…….. spyte **van** die reën het hulle skool toe gegaan. | |
| 2.Ons is ……….gunste **van** tuiswerk. | |
| | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| TOT | |
| 1.Die moordenaar is ……… lewenslank | |
| tronkstraf gevonnis. | |
| 2.In Indië is die verkragters ………. die | |
| dood veroordeel. | |
| 3……….. my verbasing het my ouers ‘n partytjie **vir** my gereël. | |
| 4.Hulle sal getroud bly ……….. die dood hulle skei. | |
| | |
| UIT | |
| 1.Leer dit ………. jou kop. | |
| 2.Sy loop **by** die deur ………. | |
| 3.Sy doen dit ………. afguns/jaloesie. | |
| | |
| VAN | |
| 1Ek hou ……… roomys. | |
| 2.Ek is ………. plan om verder te studeer | |
| 3.Sy huil ………. vreugde. | |
| 4.Die inbreker is beskuldig ……….. | |
| Inbraak , en is **tot** tien jaar tronkstraf gevonnis. | |
| | |
| VIR | |
| 1.Die man is lief ………. sy vrou. | |
| 2.My ouers was kwaad …….. my. | |
| 3.Die seun het ……….. die slang geskrik. | |
| 4.Ons was bang ………… die eksamens. | |
| 5.Een ………. een het ons **by** die deur uitgestap. | |
| | |
| VOOR | |
| 1.Sy kuier **by** haar ouma ………. sy skool toe kom. | |
| 2.Die blomtuin is ………. my huis. | |

READ! READ! READ! Study & complete table

Downloaded from Stanmorephysics.com

# MEERVOUDE

KORT KLANKE a(d**a**m) **e**(p**e**n) **i**(g**i**f) **o**(b**o**s) **u**(st**u**k)
LANG KLANKE **aa**(pl**aa**s) **ee**(b**ee**n) **oo**(b**oo**m) **uu**(m**uu**r)
DUBBELKLANKE **oe**(b**oe**k) **eu**(d**eu**r) **ui**(h**ui**s) **ie(**r**ie**t)
KONSONANTE Die ander letters van die alphabet.

| **Woorde met 'n kort klank + 1 konsonant aan die einde.** | | **Woorde met 'n lang klank + 1 konsonant aan die einde.** | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| t**a**k | tak**ke** | Vraag | vrae |
| m**a**n | | Sk**aa**p | sk**a**pe |
| h**e**k | | Kr**aal** | |
| m**e**s | | D**eel** | |
| kl**i**p | | bakst**ee**n | |
| b**o**k | | R**oo**s | |
| k**o**p | | Sk**ool** | |
| toneelst**u**k | | V**uu**r | |
| r**u**g | rûe/ | Sk**uu**r | |
| br**u**g | brûe/ | | |
| dag | dae | | |
| stad | stede | | |
| pad | paaie | | |
| skip | skepe | | |
| glas | glase | | |

| **Woorde wat eindig in dubbelklanke.** | | **Dubbelklanke in die middel** | |
|---|---|---|---|
| klou | klou**e** | | |
| vlei | | voet | voet**e** |
| | | huis | |
| **-ë** | | reus | |
| tree | tree | duin | |
| drie | | dier | |
| vlieg | | muskiet | |
| ploeg | | | |
| oog | | | |
| knie | | | |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

| **Woorde wat op f eindig** | | **-te** | |
|---|---|---|---|
| br**ie**f | brie**we** | bruilof | bruilof**te** |
| d**ui**f | | vrag | |
| dr**ui**f | | Lig | |
| st**oo**f | sto**we** | vrug | |
| st**o**f | sto**ww**e | gesig | |
| s**i**f | | gewig | |
| str**a**f | | nag | |
| hof | | produk | |
| | | distrik | |
| | | Kis | |
| | | masjinis | |
| | | | |
| **-‘s** | | -se | |
| Ma | ma**’s** | sekretaris | sekretaris**se** |
| Pa | | betekenis | |
| taxi | | gebeurtenis | |
| foto | | bibliotekaris | |
| radio | | bekommernis | |
| skadu | | | |
| | | | |
| -**hede** | | **-ens** | |
| besig**heid** | besig**hede** | nooi | |
| moontlik**heid** | | hawe | nooi**ens** |
| moeilik**heid** | | lewe | |
| waar**heid** | | vrou | |
| besonder**heid** | | gevoel | |
| | | Wa | |

| -**s** | | **-ers** | |
|---|---|---|---|
| maat | maat**s** | kind | Kind**ers** |
| arm | | kalf | Kalf |
| vinger | | Lam | Kal**wers** |
| piering | | goed | goeters(things) |
| oom | | goed | goedere(goods) |
| | | | |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com
**READ! READ! READ! Study given info & complete exercise on page 19**

## *TYE*

Dit is noodsaaklik (baie belangrik) dat ons die reëls van die verskillende tye leer en dat ons hulle kan toepas (apply). As ons nie die reëls ken nie, gaan ons woordorde verkeerd wees en ons paragrawe swak.
As ons die reëls van die Teenwoordige Tyd, (Present Tense), die Verlede Tyd (Past Tense) en die Toekomende Tyd (Future Tense) goed verstaan, sal alles vir ons duideliker (clearer) en makliker (easier) word. Kom ons probeer!

---

1 Kom ons kyk hoe die gewone sin wat in die **Teenwoordige Tyd** is in die **Verlede en Toekomende Tyd** verander

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Jan slaap. | Jan het geslaap. | Jan sal slaap. |
| Susan drink water. | Susan het water gedrink. | Susan sal water drink. |
| Ek eet die appel. | Ek het die appel geëet. | Ek sal die appel eet. |

In die Verlede Tyd gebruik ons het na die **onderwerp** en ons sit 'n ge vooraan die werkwoord. Die werkwoord gaan aan die einde van die sin.
In die Toekomende Tyd, gebruik ons sal na die **onderwerp** en die werkwoord gaan aan die Einde van die sin

---

2 **Sinne met HET**

In die bogenoemde sinne het ons die woord **HET** saam met die **werkwoord** gebruik om die Verlede Tyd te vorm. In die volgende sinne word **HET** gebruik om aan te dui dat iemand iets besit.

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek het 'n rooi pen. | Ek het 'n rooi pen gehad. | Ek sal 'n rooi pen hê. |
| Ek het baie werk. | Ek het baie werk gehad. | Ek sal baie werk hê. |

3 **Sinne met IS**

In die Verlede Tyd verander die werkwoord **IS** na **WAS** en in die Toekomende Tyd word die werkwoord **SAL** …………………………………**WEES.**

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek is baie moeg. | Ek was baie moeg. | Ek sal baie moeg wees. |
| Ek is bly oor my nuwe fiets. | Ek was bly oor my nuwe fiets. | Ek sal bly oor my nuwe fiets wees. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**4 Sinne met werkwoorde met die prefiks :** be; ge ; her ; er ; ont ; ver

Die werkwoord kry nooit 'n **ge** in die Verlede Tyd

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Ek bedank die kelner. | Ekhet die kelner bedank. | Ek sal die kelner bedank. |
| Sy herken haar ou vriendin. | Sy het haar ou vriendin herken. | Sy sal haar ou vriendin herken. |

---

**5 Sinne met die hulpwerkwoorde met die prefiks :** kan, moet en wil

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Kan | kon | sal ……………kan |
| moet | moes | sal ……………moet |
| Wil | wou | sal ……………wil |

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Hy kan vinnig hardloop. | Hy kon vinnig hardloop. | Hy sal vinnig kan hardloop. |
| Jy moet jou tande borsel. | Jy moes jou tande borsel. | Jy sal jou tande moet borsel. |
| Ek wil die water drink. | Ek wou die water drink. | Ek sal die water wil drink. |

---

**1 Sinne met die werkwoord wat in die Teenwoordige Tyd uit twee dele bestaan.**

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Die man staan op. | Die man het opgestaan. | Die man sal opstaan. |
| Die dief hardloop weg. | Die dief het weggehardloop . | Die dief sal weghardloop. |
| Hy tel die papier op. | Hy het die papier opgetel. | Hy sal die papier optel. |

---

**7 Sinne met Twee Werkwoorde**

**Twee** werkwoorde in **EEN** sin. Twee werkwoorde maar een gedagte. Die tweede werkwoord kry **nie** 'n ge in die Verlede Tyd **nie**.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Sarie sê dat sy 'n koek bak. | Sarie het gesê dat sy 'n koek bak. | Sarie sal sê dat sy 'n koek bak. |
| Ek bak 'n koek en praat met my vriendin. | Ek het 'n koek gebak en met my vriendin gepraat. | Ek sal 'n koek baken met my vriendin praat. |

Downloaded from Stanmorephysics.com
Skryf die volgende sin eers in die **Verlede Tyd** en daarna in die **Toekomende Tyd**.

1 Ons **swem** in die dam.
2 Hy **loop** na die dorp toe.
3 Sy **moet** die hemde **stryk**.
4 Koos **kan** die motor **was**.
5 Hy **is** baie jaloers.
6 Taryn **wil** die voëltjie **koop**.
7 Die gesin **geniet** die vakansie.
8 Andre **speel** met sy sussie.
9 Ouma **brei** 'n trui.
10 Ek **doen** my tuiswerk.

1 Die baba **is** baie vaak.
2 Ons **moet** in die reën **loop**.
3 Sy **het** 'n hoofpyn.
4 Arno **kan** sy taak **voltooi**.
5 Rina **het** 'n nuwe motor.
6 Ek **beantwoord** die vrae.
7 Die seun **bestuur** sy pa se motor.
8 Sarie **is** in die moeilikheid.
9 Ek **is** baie bly**.**
10 Ons **skryf** eksamens in die saal.

1 Jannie **moet** in die bed **bly**.
2 Die dokter **gee** 'n pil vir die pasiënt.
3 Die kinders **wil** huis toe **gaan**.
4 Ek **is** baie opgewonde.
5 Hy **wil** na die strand toe **gaan**.
6 Die verpleegster **is** kwaad vir die kind.
7 Die meisie **het** pragtige, rooi blomme.
8 Ons **hou** baie van skool.
9 Sy **kan** die vakansie **geniet**.
10 Hulle **moet** vinnig **ry**.

1 Ek **het** 'n seer kop.
2 Hulle **het** baie werk.
3 Hoe laat **is** dit ?
4 Wat **sien** ek ?
5 Ek **spring** oor die klippe.
6 Ons **rus** elke dag.
7 Ek **lui** die klok.
8 Ek **stap** deur die veld.
9 Ek **sien** 'n haas.
10 Ek **vang** 'n volstruis.

1 Ek **hardloop** deur die bos.
2 Koos **klim** in die boom.
3 Die leeu **kyk** na my.
4 Ons **het** 'n huisie in die bos.
5 Sy **het** 'n groot geweer.
6 Jan **koop** 'n sebra.
7 Die kameelperd **drink** water.
8 Ek **is** life vir die bosveld.
9 Jan **is** 'n beroemde jagter.
10 Leeu **het** 'n baie sagte stem.

1 Haas se kop **is** vol planne.
2 Leeu **is** baie dors en vaak.
3 Ek **moet** deur die veld **loop**.
4 Ons **wil** deur die bos **loop**.
5 Die leeui **kan** sy ore plat **trek**.
6 Leeu **is** baie gevaarlik**.**
7 Leeu **het** groot pote en 'n groot kop.
8 Hy **kan** oor die klippe **spring**.
9 Andre **moet** die kameelperd **teken**.
10 'n Mens **moet** die waarskuwingstekens ken.

1 Ons **gebruik** 'n goeie voertuig
2 Deon **vertel** die storie van die haas.
3 Hy **onthou** die naam van elke voël.
4 Die jagter **erken** sy fout.
5 Haas **gebruik** die heuning.
6 Sy **onthou** die ou maanhaar.
7 Die program **begin** om agtuur.
8 Koos **vertel** die storie van haas en skilpad.
9 Ons **onthou** die reëls in die park.
10 Sy **herken** die haas met die een oor.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**READ! STUDY! Complete Table**

**TRAPPE van VERGELYKING**

| **STELLENDE TRAP** | **VERGROTENDE TRAP** | **OORTREFFENDE TRAP** |
|---|---|---|
| | | |
| | **gewoonlik +er** | **gewoonlik +ste** |
| | | |
| **Kort Vokaal** | -er….. as | die …..-ste |
| dof | dowwer as | dofste |
| laf | | |
| grof | | |
| glad | Gladder | |
| dik | Dicker | |
| mak | | |
| slim | | |
| dom | | |
| nat | | |
| vet | | |
| maklik | Makli**k**er | |
| moeilik | | |
| vreeslik | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Lang Vokaal** | | |
| doof | D**ow**er | |
| gaaf | | |
| skeef | | |
| laat | L**a**ter | |
| wreed | | |
| bleek | | |
| skoon | | |
| groot | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde wat eindig op r** | | |
| | | |
| ver | Ver**der** | |
| donker | | |
| dapper | | |
| duur | | |
| suur | | |
| maer | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **Lang Vokaal eindig op g** | | |
|---|---|---|
| laag | Laer | |
| leeg | Leer | |
| moeg | Moër | |
| vroeg | Vroeër | |
| hoog | Hoër | |
| droog | Droër | |
| **Kort Vokaal met g/k** | | |
| lig | lig**ter** | |
| sag | | |
| dig | | |
| sleg | | |
| geskik | | |
| **Lang Vokaal eindig op d** | | |
| breed | bre**ë**r as | |
| oud | ouer as | |
| koud | | |
| wyd | wyer | |
| kwaad | kw**ater** | |
| **S** | | |
| trots | trots**er** | trots**ste** |
| jaloers | | |
| vars | | |
| fris | fri**ss**er | frisste |
| dwaas | dw**a**ser | |

| | | |
|---|---|---|
| goed | beter as | die beste |
| min/bietjie/weinig | minder as | die minste |
| baie/veel | meer as | die meeste |
| lank | langer as | die langste |
| jonk | jonger as | die jongste |
| nuut | nuwer as | die nuutste |
| graag | liewer as | die graagste |
| dikwels | meermal as | meestal |
| naby | nader as | die naaste |

Woorde wat eindig in ‘n –**e** kry gewoonlik **meer** en **mees**

| | | |
|---|---|---|
| opgewone | meer opgewonde | mees opgewonde |